Geliefde Lourensrivierder

Vandag is Internasionale Handsakdag😊 – wat dit ookal mag beteken, hoekom en wanneer dit ingestel is, kan jy Google by hierdie skakels (https://www.all4women.co.za/…/international-handbag-day-sur… of https://www.timeanddate.com/holidays/fun/handbag-day), maar ek het gedink dit kan 'n lekker geselsie ontlok😊 Manne....Waag jy dit om iets in jou vrou se handsak te soek of uit te haal? Of vroue... sal jou man dit waag in jou handsak? Wat is al die dinge wat jy in jou handsak ronddra elke dag?
Party het groot handsakke, party klein... deurmekaar handsakke, netjiese handsakke, propvol handsakke, leë handsakke... Ons besef ook nie hoe deurmekaar ons handsakke is voordat ons die inhoud uitgooi op die tafel nie...
Is dit nie maar ook soos ons lewens lyk nie? Weinig weet hoe lyk ons "handsakke" aan die binnekant en ons waag ook nie sommer om 'n hand in iemand se "handsak" (lewe) te steek nie...

GOEIE NUUS! Die Here weet presies hoe ons "handsakke" lyk... wat ons daarin bêre en of dit aan die kant of deurmekaar is🙌 Hy skrik ook nie vir 'n deurmekaar "handsak" nie♫ "Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?" **Jeremia 32:27**
Die wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar die wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars. **Markus 2:17**
Vraag is: Is jy dapper genoeg om jou ou manier van dink en doen te los? Die Here toe te laat om jou "handsak" aan die kant te maak? Is jy bereid om werklik in Christus 'n algehele nuwe begin te maak?

Hoe gepas is ons Fokusteks onderaan nie?

NUUSKRUMMELS: 10 Oktober 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DRINGEND opsoek na hulp vir FEESMARK:
- Vrywilligers in Kombuis
- Opsit van plakkate
- Versiering van saal

Kontak asb kerkkantoor @ 0218535991

NB

WIL JY GRAAG BETROKKE RAAK BY FONDSINSAMELINGSPROJEKTE VIR ONS GEMEENTE?
HIER IS JOU KANS! Ons is dringend opsoek na vrywilligers met 'n passie vir die toekoms en groei van Lourensrivier Gemeente.
Kontak asb Kerkkantoor @ 021 853 5991 of epos jou naam na fin@lourensrivier.co.za

WOEKERHOEKIE:

Anna se Marmelade @ R35
Anna se Blatjang @ R35
Canola & Olyfolie @ R85 EN Gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R50/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)
Anna se Kleinkoekies @ R25 per pakkie

Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemengde vrugte

Ons het ook 'n GROOOOT verskeidenheid van ander droëvrugte in verskillende grotes, bv. Mango, Appelkoos, Aarbei, Songedroogte tamatie en vele meer.

Vrugterolle, grondboontjies en neute te kies en te keur.

Vir volledige pryslys, kontak Kerkkantoor 021 853 5991

GEBEDSKURSUS het afgesluit vir 2019 :

Ons deel graag met julle wat die Gebedskursus vir die studente beteken het. Mag dit jou motiveer om vir volgende jaar in te skryf. As jy belangstel, kontak kerkkantoor @ 021 853 5991:

- "Ek het geleer wat skuldbelydenis behels en hoe ek vir myself en my naaste om vergifnis kan vra. Ek het geleer dat God geloof moet word en dat sy Woord lewend en waar is. Dit is belangrik om altyd in die Naam van Jesus te bid, want sonder sy Bloed sou daar geen redding wees nie en geen Heilige Gees die Trooster by ons teenwoordig wees nie. Ek moet altyd my gebed met Amen afsluit, want dit is God se seël daarop en sy Woord is waar."

- "Met my tweede jaar by die kursus het ek andermaal weer ontdek hoe nuut God se Woord en sy beloftes bly - soms op verrassende wyses. Ek het ook geleer hoe om na God in Sy Woord te luister en dan in gebed te antwoord. Ek het ook net weer besef dat gebed, alleen in my binnekamer of gesamentlike gebed saam met vriende, ons antwoord is op alle probleme en bekommernisse. Dit was vir my 'n kosbare uur elke Donderdag waar ek gehoor het dat ook ek vir God kosbaar is."

- "Die gebedskursus het my verras, dit is nie net 'n kursus waar iets geleer word nie, maar waarlik 'n gebedsreis. Gedeeltes in die Bybel wat ek al hoeveel keer gelees/gehoor het, het nuwe betekenis vir my gekry, veral die Onse Vader! Annalie se manier van aanbied is gevoelvol en dis nie net kennis wat sy oordra nie, maar haar ervaring. Ek het so baie by Annalie geleer en ook by elkeen in ons groepie en daar is nog so baie wat ek kan leer - so volgende jaar is ek weer daar!"

- "Die Gebedskursus het my geestelik "wakker" gemaak, my verhouding met God verinnig. Ek is baie bewus van God se teenwoordigheid in my lewe en loop nou daagliks 'n pad met Hom."

- "Hoekom inskryf vir die gebedskursus het ek myself afgevra. Jy kan mos bid, maar bid ek reg! Het 'n behoefte gehad om te weet wat is die regte manier om te bid. Ek het geleer ek hoef nie bekommerd te wees oor die regte woordgebruik nie. Ek moet net liefde, dankbaarheid en lofprysing aan God in gebed oordra! As ek alleen of saam met my familie is, kon ek wel hoorbaar met God kommunikeer. Geleer dat 'n stil gebed ook OK is. Dat as ek nie gemaklik voor 'n groep kan bid nie, ek saam met hulle in stilte tot God kan bid. Die wete dat die Bybel {die Woord van God} vol beloftes is van God waarvan mens notatjies kan maak van wat mens verstaan en dit memoriseer. So het dit my geleer en gehelp om meer effektief tot God te bid.
  Ek moes eers stil word in die teenwoordigheid van God en leer om na Hom te luister voordat Hy na my luister. Sy wil, nie myne nie. Verstaan soveel meer my Bybel, Lofliedere en selfs onder andere die Onse Vader Gebed en die Nagmaal. Dit wat ek geleer het is baie spesiaal. Dit was vir my 'n wonderlike geestelike ervaring en groei en kan ek dit nou met vrymoedigheid met ander deel.
  Baie dankie Annalie vir jou tyd, met soveel deernis en liefde waarmee jy elke week ons as groep saam met jou op die Gebedsreis geneem het. Uit my ervaring, wens ek dat elkeen in ons gemeente wat wel kan of nie kan bid nie, tog 'n behoefte het om die Gebedsreis 2020 saam met Annalie mee te maak en so om meer van die beloftes van God in die Bybel te wil hoor en leer.

KERKNUUS UIT DIE OMTES:

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

ACVV Huis Jan Swart benodig "speelgoed" vir ons dementia afdeling. Onder andere – sagte balle; koringsakkies; Legkaarte met nie meer as 12 stukke nie; vroetelsakkie; nie-volwasse inkleurboeke en dik vetkryte ensovoorts. U ondersteuning sal hoog op prys gestel word.

Vir navrae kontak Henriëtte by 021 854 3763."

STRAND DIENSSENTRUM ACVV benodig asb. vrywilligers om te help met die aflewering van etes by ons senior burgers in die Strand en omgewing. Die diens word gelewer aan ons ouer lede wie nog in hul eie huise woon en nie meer kan bestuur nie. Dit word van die betrokke persoon gevra om NET 2 keer per maand beskikbaar te wees op die dae wat dit hulle die beste pas.
Kontak: Estelle Marais, Uitvoerende beampte (021 854 4552 of 083 712 4636)

GESELSKAPSDAME BESKIKBAAR:
Ek is 'n energieke gesonde senior dame wat dringend op soek is na 'n geselskapsdame pos in die Helderbergkom / Stellenbosch area.
Pligte kan insluit:

- ✧ Aankoop van kruideniersware en ander benodighede
- ✧ Betaal van rekeninge
- ✧ Voorberei van maaltye
- ✧ Neem van uitstappies en ook na haarsalon
- ✧ "Housesitting"
- ✧ Kindernasorg/toesig asook vervoer na/van naskoolse aktiwiteite
- ✧ Geliefde troerteldiere oppas en versorg

Rekenaarvaardig en het eie vervoer
Ek is vriendelik, hardwerkend, glo in goeie verhoudings, eerlik, stiptelik, goeie luisteraar, het uithouvermoë en integriteit.
Kan CV voorsien

Kontak: Jos Jooste by 021 856 4909 of 072 900 6167
gracetojos@gmail.com

3 KAMERS BESKIKBAAR: Sentraaldorp. Sober, selfversorgende persone bo 55.
Kontak: E van Rooyen @ 083 960 1862

ENKELWOONSTEL BESKIKBAAR:
Agter sekuriteitshekke; Ten volle gemeubileerd. R4700 vir enkel persoon en R5000 vir 2 persone.
Kontak: Unita Herrer @ 021 854 8793 of 0792718874

KNIEWERK:

- Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- Pieter Groenewald gaan vir kolonoskopie op 21/10
- Nic Pienaar gaan vir knie-vervanging op 5/11
- Ons dra ook die matrieks op aan die sorg van die Here. Bid dat hulle die belangrikheid van dissipline en selfopoffering besef wat nodig is in die doel en missie om die wenstreep te behaal. Ons bid ook vir die betreding van 'n nuwe wêreld in 2020.
  1 Kor. 9:24-27 *"Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike. Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie."*

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 13 OKTOBER SE BOODSKAP: LUK 17:11-19 (18DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Ons teksgedeelte vertel die aangrypende gebeure hoe Jesus tien melaatse mense genees het. Hierdie gebeure vind plaas terwyl Jesus op reis was, al met die grens van Galilea en Samaria langs, om in Jerusalem te gaan ly en sterf. Dit lyk byna na 'n toevallige ontmoeting. Vers 14 vertel egter dat Jesus hulle gesien en op grond daarvan aan hulle 'n opdrag gegee om na die priesters toe te gaan om hulleself aan die priesters te gaan toon. Lukas lê klem op Jesus wat hulle "gesien" het. Hy meld nie iets daarvan dat Jesus hulle roep "gehoor" het nie. Wat Jesus sien, bring Hom in beweging. Volgens Lukas was die ontmoeting tussen Jesus en tien melaatse mans van korte duur, oënskynlik oppervlakkig en sonder diepsinnige kommunikasie of intieme kontak. Die tien mans reageer klaarblyklik direk en gehoorsaam Jesus se opdrag. Soos Jesus is ons ook op reis deur die lewe. Terwyl die lewe gebeur, vind ontmoetings plaas op plekke en punte wat ons nie vooraf beplan nie. Ons kan almal getuig van "tegemoetkomings" wat vir ons toevallig lyk, maar uiteindelik lewensveranderende ontmoetings is. Op hierdie reis moet ons ons oë oophou om te kan "sien" soos Jesus. In Lukas se Evangelie is die tema van verlossing, redding, reiniging en genesing wat in die hede reeds plaasvind baie belangrik. Die verlossing is nie net vir eendag nie, maar kan nou reeds beleef word. Verlossing is prakties, dit genees jou, herstel jou verhoudinge en bring jou weer op gesonde voet met jou gemeenskap en met God.

Redding en verlossing, wys Lukas uit, maak volheid van lewe moontlik.

Iemand skryf: "Die fokus van redding in Lukas se Evangelie is meestal op die kwaliteit van lewe wat God mens in die hede gee. Lukas wys uit dat verlossing bevryding beteken (4:18). Mense het nodig om van spesifieke dinge bevry te word om die volle lewe te beleef wat God vir hulle bedoel het. "Redding" is wat Jesus vir geknelde mense doen."

Lauren Daigle sing "I will rescue you":

You are not hidden
There's never been a moment
You were forgotten
You are not hopeless
Though you have been broken
Your innocence stolen
I hear you whisper underneath your breath
I hear your SOS, your SOS
I will send out an army to find you
In the middle of the darkest night
It's true, I will rescue you

There is no distance
That cannot be covered
Over and over
You're not defenseless
I'll be your shelter
I'll be your armor
I will never stop marching to reach you
In the middle of the hardest fight
It's true, I will rescue you
I hear…

Kliek op hierdie skakel om na die pragtige lied te luister: https://www.youtube.com/watch?v=9PugD11k3JU

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE